Voluit glo en doen.

Linden Akademie

# Babaklas Handleiding

# 3 - 15 maande



Pauli Nel

hoof@lindenakademie.co.za

www.lindenakademie.co.za

+27 72 578 5258

Sewendestraat 55, Linden, Randburg, Johannesburg

By Linden Akademie weet ons dat elke ouer die beste vir hulle kind wil hê. Ons is 'n skool wat gerig is op skoolvoorbereiding en reeds vanaf 'n vroeë ouderdom 'n ingesteldheid vir lewenslange leer kweek.

Ons mantra is "Voluit glo en doen" en ons skep 'n omgewing waar jou kind geliefd voel en hulle volle potensiaal kan bereik.

Ons is ’n kindgesentreerde skool wat fokus op kleuters se holistiese ontwikkeling. Ons is fyn ingestel op die kleuters se emosionele ontwikkeling. Ons fokus op die volronde ontwikkeling van jou kind nl. motoriese vaardighede, emosionele intelligensie, fisiese ontwikkeling, lewensvaardighede, sensoriese spel, musiek en vele meer.

Linden Akademie se klasse is klein en sodoende kan ons aan elke kind die nodige individuele aandag gee wat hulle verdien. Hier by Linden Akademie streef ons daarna om as ’n familie saam te werk en altyd die kleuters se belange eerste te stel. Ons is doelgerig om van elke oomblik ‘n leergeleentheid te maak.

Linden Akademie is 'n plek waar jou kind kan wortelskiet, groei en floreer.



Voluit glo en doen.
LINDEN AKADEMIE

**Fooie vir 2026:**

**Babaklas: R 4800**

- Skoolfooie is vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand.
- Betaling geskied oor **12 maande**.
- Gebruik asseblief julle LA-nommer as verwysing vir betalings.
- Indien julle die skool verlaat moet daar skriftelik 'n kalendermaand kennis gegee word.

**Tye:**

- Die skool is oop vanaf 07:00 tot 17:00.
- Geen baba sal voor 07:00 op die skoolperseel toegelaat word nie.

**Vakansies en vakansieskool:**

- Linden Akademie is reg deur die jaar oop en sluit slegs tydens die Desember vakansie.
- Ons sal jaarliks hierdie datums aan die ouers kommunikeer.

**Juffrou en Assistent:**

- Juffrou Anushka werk reeds vanaf 2020 met kinders en het in 2021 na Linden Akademie geskuif. Tannie Mamma werk al reeds vir 17 jaar by Linden Akademie. Albei hierdie dames is bekwaam en stel jullle baba's eerste. Albei is ook opgelei in Noodhulp en het reeds verskeie kursusse bygewoon in Vroeë Kinderontwikkeling. Juffrou Anushka is ook tans besig met haar B Ed Graad in Grondslagfase.

**Program wat ons gaan volg:**

- Ons sal die "**Baby and Tots**" program volg.
- Hierdie program fokus op die volgende afdelings:
  Groot- & fynmotoriese ontwikkeling, Sensoriese spel, Vroeë taalstimulasie en Emosionele veiligheid
  Voorbeelde: tummy time, liedjies, sensoriese bakke, kyk-en-luister aktiwiteite
- Die personeel is ook opgelei in "**Baby Gym**" en hierdie aktiwiteite word daagliks met die baba's gedoen.



Voluit glo en doen.
Linden Akademie

**Kos:**
Linden Akademie voorsien nie kos nie. Die ouers pak self die babas se pap, kos en bottels in. Maak asseblief seker dat alles baie duidelik gemerk is.

Bottels moet by die huis met water volgemaak word. Formule melk moet ook reeds afgemeet skool toe gestuur word.

**Siekte:**
Hier is die riglyne oor wanneer kleuters by die huis moet bly weens siekte.

- Wanneer die kleuters koors bo 37.4 het.
- Wanneer die kleuters diaree het.
- Wanneer die kleuters braak.
- Boonste lugweginfeksie.
- Brongitis / longontsteking
- Indien die kleuters 'n seer keel met opgeswelde kliere het.
- Enige ooginfeksie.
- Enige aansteeklike kindersiektes.
- Enige blasies, seertjies of uitslag op hulle lyfies.
- Kopluise of nete in die hare.

**Wanneer kleuters antibiotika drink moet hulle die eerste 48 uur by die huis bly.**

**Medikasie:**
Volgens die Departement van Onderwys se reëls, mag skole nie medikasie aan kinders toedien nie.
Die enigste gevalle waar ons wel medikasie toedien:
- Wanneer die kleuters 'n baie hoë koors het – 38 grade en op.
- Indien die kleuters 'n allergiese reaksie toon bv. bye.

Medikasie sal slegs toegedien word indien die ouers skriftelik toestemming gegee het. Hierdie toediening van medikasie word dan in 'n spesiale register aangeteken.

Laat weet asb. die skool van enige allergieë wat die kleuters mag hê.



Voluit glo en doen.
LINDEN AKADEMIE

**Wat moet elke dag in die tas wees:**

- 4 bottels met afgemete water.
- Houers met afgemete formulemelk of borsmelk in 'n sakkie.
- Sap/tee moet reeds voorberei saamgestuur word.
- Pap - afgemete hoeveelheid in houertjie
- Middag ete en happies - beskuitjies, tandekoekies, vingerkoekies ens.
- 5 borslappe
- ekstra klere
- 2 spoegdoeke
- Sagte speelding of trosie vir slaaptyd
- Dummy

**Soos benodig:**

- Botteltjie Telament druppels
- Tandesalf (Teejel/Prodol)
- Panado stroop/Nurofen - julle sal eers gekontak word voor ons enige medikasie toedien.

**Bly by die skool in die mandjie:**

- Doeke - ten minste 6 daagliks - of stuur 'n hele pak
- Wetwipes
- Boudjiesalf
- 2 waslappies - pienk een vir gesiggie en donker blou vir boudjies

Die juffrou sal julle in kennis stel wanneer die bogenoemde amper op is.

**Beddegoed:**

Ouers verskaf self 'n sagte kombersie en kussing indien so verkies. Die skool voorsien lakens. Die beddegoed sal elke Vrydag by die skool gewas word.



Voluit glo en doen.
LINDEN AKADEMIE

**Slaapprosedures:**
Baba’s slaap op hulle ruggies in die kot.
Babas slaap op ’n vaste, stewige matrassie met ’n styfpassende laken.
Die kamer se temperatuur word gematig gehou.
Babas word nie oorlaai met klere of komberse nie.
Babas word gereeld visueel gemonitor terwyl hulle slaap.
Personeel kyk na:

- asemhaling
- velkleur
- posisie
- enige obstruksies

Geen baba word ooit alleen gelos nie, ook nie tydens slaaptyd nie.

**Veiligheid:**

**Hek:**
Die hek moet ten alle tye toe wees.
Die kode van die hek sal aan die ouers gekommunikeer word.
Reëlings rondom kinders kom haal:
Indien die ouers nie self die kleuters kom haal nie, moet dit skriftelik in ’n boodskap aan die klasjuffrou gekommunikeer word.
Daar moet ook ’n foto gestuur word van die persoon wat die kleuter kom haal.
Geen kleuter sal aan iemand gegee word, indien dit nie vooraf met die klasjuffrou gereël is nie.

**Verjaarsdagpartytjies:**
Julle is welkom om by die skool vir die kleuters ’n klaspartytjie te hou.
Ons versoek dat daar nie suigstokkies in die kleuters se lekkerpakkies moet wees nie.

**Afwesighede:**
Indien ’n kleuter afwesig is, wil ons asb. versoek dat julle die klasjuffrou in kennis sal stel.
Dit is veral baie belangrik indien daar vermoed word dat die kleuter moontlik ’n aansteeklike kindersiekte mag hê.



**Kommunikasie:**
Kommunikasie geskied op die klas se Whatsapp groepe.
Formele kommunikasie vanaf die skool word ook daar opgesit.

**Ons Babaklas filosofie:**
**Ons glo in:**
- **Liefdevolle, huis-weg-van-die-huis-af versorging**
- **Individuele aandag**
- **'n Veilige, rustige omgewing**
- **Speel as kern van ontwikkeling**

**Dagprogram:**

| | |
|---|---|
| 07:00 - 08:00 | Aankoms en gesprekke met ouers |
| 08:00 - 08:30 | Ontbyt / Voeding |
| 08:30 - 09:30 | Geleentheid vir slaap - Individuele aandag aan baba's wat wakker is (magietyd, vingerrympies, sensoriese aktiwiteite) |
| 09:30 - 10:00 | Ruil doeke en gee voeding soos nodig |
| 10:00 - 11:30 | Individuele vertroeteling, hantering en aktiwiteite vir baba's wat wakker is |
| 11:30 - 12:00 | Ruil doeke en gee voeding soos nodig |
| 12:30 - 14:00 | Slaap, Individuele vertroeteling, hantering en aktiwiteite vir baba's wat wakker is (vingerspeletjies, liedjies, rympies, boekies lees) |
| 14:00 - 14:30 | Ruil doeke en gee voeding of ligte verversing soos nodig |
| 14:30 - 16:00 | Individuele vertroeteling, hantering en aktiwiteite vir baba's wat wakker is geskikte speelgoed, vingerrympies, liedjies, rympies, boekies lees) |
| 16:00 - 17:00 | Voorbereiding vir huis toe gaan |

**HIERDIE IS SLEGS 'N RIGLYN EN KAN VERANDER VOLGENS DIE BEHOEFTES VAN DIE BABA'S.**



Voluit glo en doen.
Linden Akademie

## Stimuleringsprogram vir 3 maande tot 1 jaar

**Maandae:**
Musiekinstrumente
Frommel papier
Massering
Sensories
Borrels blaas
Blokkies bou
"Squeekies"
Magietyd

**Dinsdae:**
Speel met ballonne
Lees boekies
Musiekinskrumente
Magietyd
"Peek a boo"
Waterspel
Sensories
Blokkies bou

**Woensdae:**
Speel met ballonne
Proppies in blikkies druk
Musiekinstrumente
Boekies lees
Volg die liggie
Rol die balle
Magietyd
Massering

**Donderdae:**
Swaai
Massering
Balle speel
Borrels blaas
Boekies lees
Bottels skud
Speel met boksies
Sensories

**Vrydag:**
"Squeekies"
Sensories
Borrels blaas
Volg die liggie
Magietyd
Massering
Blokkies bou
Musiekinstrumente



Voluit glo en doen.
Linden Akademie